

Skriflesing: Psalm 20 & 21Teks: **Psalm 20:6,8,10; Psalm 21 6,7,14**Sing- **Psalm 20:1,2,7,9; Psalm 21: 1,2,4,9****Psalm 20****Psa 20:1** Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid.**Psa 20:2** Mag die HERE u verhoor in die dag van benoudheid! Mag die Naam van die God van Jakob u beskerm!**Psa 20:3** Mag Hy u hulp stuur uit die heiligdom en u ondersteun uit Sion!**Psa 20:4** Mag Hy dink aan al u spysoffers en u brandoffer met welgevalle aansien! Sela.**Psa 20:5** Mag Hy u gee na u hart en al u voornemens vervul!**Psa 20:6** Ons wil juig oor u oorwinning en die vaandels opsteek in die Naam van onse God. Mag die HERE al u begeertes vervul!**Psa 20:7** Nou weet ek dat die HERE sy gesalfde verlos; Hy sal hom verhoor uit sy heilige hemel met magtige daade van verlossing van sy regterhand.**Psa 20:8** Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar óns sal roem op die Naam van die HERE onse God.**Psa 20:9** Hulle het inmeekaargesak en geval, maar óns het opgestaan en ons weer opgerig.**Psa 20:10** HERE, verlos die koning! Mag Hy ons verhoor op die dag as ons roep!**Psalm 21****Psa 21:1** Vir die musiekleier. 'n Psalm van Dawid.**Psa 21:2** o HERE, die koning is bly oor u sterkte, en hoe baie juig hy oor u hulp!**Psa 21:3** U het hom die wens van sy hart gegee en die begeerte van sy lippe nie geweier nie. Sela.**Psa 21:4** Want U kom hom tegemoet met seëninge van die goeie; op sy hoof sit U 'n kroon van fyn goud.**Psa 21:5** Die lewe het hy van U begeer; U het hom dit gegee: lengte van dae, vir ewig en altyd.**Psa 21:6** Groot is sy eer deur u hulp; majesteit en heerlijkheid het U op hom gelê.**Psa 21:7** Want U maak hom baie geseënd vir ewig; U maak hom bly met vreugde by u aangesig.**Psa 21:8** Want die koning vertrou op die HERE, en deur die goedertierenheid van die Allerhoogste sal hy nie wankel nie.**Psa 21:9** U hand sal al u vyande vind; u regterhand sal u haters vind.**Psa 21:10** U sal hulle maak soos 'n vurige oond as U verskyn; die HERE sal hulle verslind in sy toorn, en vuur sal hulle verteer.**Psa 21:11** U sal hulle vrug van die aarde af verdelg en hulle nageslag van die mensekinders af weg.**Psa 21:12** Want hulle het U met onheil bedreig; hulle het 'n listige plan uitgedink sonder om iets uit te rig.**Psa 21:13** Want U sal hulle dwing om te vlug; met u boogsnare sal u mik op hulle gesig.**Psa 21:14** Verhef U, HERE, in u sterkte; ons wil u heldekrag eer met psalmgesang!**Skriflesing:** Psalm 20 & 21Teks: **Psalm 20:6,8,10; Psalm 21 6,7,14**Sing- **Psalm 20:1,2,7,9; Psalm 21: 1,2,4,9**

Prof. Rikus, prof. Michael, familie, direksielede, alle personeellede, broeders en susters, hoe berei 'n mens jouself voor vir 'n groot uitdaging wat voor jou lê? Inderdaad is hierdie 'n groot uitdaging wat voor u gestel word om as Hoof en Rektor van Aros te begin dien. Ook u wat as viserektor hier begin. Die gevaar in so 'n uitdaging lê natuurlik ook hemelsbreed wanneer ons die uitdaging met vertroue in onself wil begin - Psalm 20 vers 8 waarsku - *Sommige roem op strydwaens en ander op perde* ... Die perde, die strydwaens waarop verkeerdelik vertrou word, kan in vandag se terme anders benoem word, maar die gevaar om op mense, op verhoudinge, op strukture, op geld, op 'n bepaalde politieke mag en my reeds bewese rekord te vertrou, is nie

minder groot nie. Perde en waens kan in vandag se terme baie dinge wees, maar om daarop te vertrou, gaan nie werk nie. Die vraag word dan weereens gevra- waarop stel ek my vertrou?!

Psalm 20 en Psalm 21 is albei koningspalms wat vir ons op 'n baie besondere wyse koning Dawid se geloofsbelydenis maar ook sy geloofsvertroue na vore bring. Dit kom voor Dawid skryf Psalm 20 voordat hy op 'n baie gevaarlike militêre veldtog moes uitgaan. Sommige stel dit ook dat die Psalm klaarblyklik vir beurtsang geskryf was, ja priesters wat beurtelings hulle koning ses of dalk selfs agt besondere seënbedes wou toesing. In hierdie ses bedes word die koning aan die Here opgedra dat die Here met ons koning sal wees. Mag die Here Dawid seën met die ingaan en afloop van die oorlog, mag die Here hom lei en beskerm, mag die Here die oorwinning gee. Dit is asof koning en priester, ja die hele volk altesaam dit wil besing wat ook 'n lied in ons harte vandag moet wees. Mag hulle wat by Aros nou weer moet voor stap, mag dit beurtelings hulle toegesing word, op God sal ons moet vertrou. Die Here wat sy Naam op die aarde laat skrywe en dit in Christus laat uitroep het. Op Hom kan ons ons vertroue stel.

Daar is natuurlik groot uitdagings en stryd wat ook op u wag. Soos Dawid sy lewe lank moes oorlog voer teen die volke rondom Israel; ja 'n stryd wat ons kan sê alreeds in sy jeug begin het. Dink maar aan hoe hy Goliat tegemoetgegaan het. Dit is 'n stryd wat nie by die grote oorwinning oor die grote Goliat kon eindig nie. In 'n sekere sin was dit amper maar die begin want groter dinge as Goliat kan daar ook oor ons pad kom.

Goliat was maar 'n mens maar wat daarvan as 'n instelling soos Aros weet en dit in die tyd ook weer besef ons kom teen 'n tydsgees te staan, teen baie antichristelike magte en strominge te staan. Ons owerheid is nie ons taalvriende nie, is nie ons goedgesind nie, dit gee so min steun in vergelyking met al die gelde wat die staatkoffers invloei en op korrupte wyse daar uitgehaal word. Die politieke bestel in ons land, die politieke grootdoenerigheid, die korrupsie, wat hierdie land al kaalgevreet het dat dit moet lyk soos 'n karkas wanneer aasvoëls daarmee klaar is. Om as rektor en hoof van 'n instelling soos Aros, of as visirektor dit te moet hoor jy mag nie terugdeins van die boodskap dat daar waar die liggaam lê daar kom die aasvoëls bymekaar. Dit wat Jesus ook laat sê het- *Waar die liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom* (vgl. Luk. 17:37).

Mag hierdie liggaam Aros nie gaan lê nie, mag u instrumenteel wees om dit 'n dinamiese roepingsgetroue geesvervulde werklik lewende liggaam en waarlik onderwysgedrewe inrigting te bly maak, mag Aros ook geseënd wees omdat u geseënd is met Psalm 20 en Psalm 21.

Die seëninge in Psalm 20 u beurtelings toegebid is eenvoudig die sluise wat na Psalm 21 oopgemaak word. Die twee Psalms is op mekaar aangewese want waar Psalm 20 biddend sing en vra om die groot aantal seëninge waarmee die Here die koning sal seën, kom Psalm 21 direk hierna en wys hoe geseënd die oorwinnaar koning reeds is. Weereens word dit met beurtsang gedoen.

Ons hoef met die twee Psalms nie net biddend te vra vir die oorwinning van die koning nie, maar Psalm 21 roep ons op om reeds die oorwinning raak te sien. Juig ook in die koning se oorwinning. So is Psalm 20 nog 'n gebed en Psalm 21 reeds 'n danklied wat vandag tegelyk op ons lippe mag kom. Die bymekaarbring van Psalm 20 en Psalm 21, ja mag ek dit nog sterker stel, die eenwording van die twee Psalms kan net by Een lê en daardie Een is ons Here Jesus Christus. Dawid se koningskap is in alle geval niks anders as 'n profesie van Jesus Christus se ewige koningskap nie. Christus alleen moet al ons vertrou ook by Aros wees. Hy alleen is dit werd. Dit is in alle geval ter wille van Jesus Christus wat daar nie alleen om 'n groot aantal seëninge in Psalm 20 gevra is nie, maar waar Psalm 21 die bevestiging is van al die seëninge wat uitgestort is, dan dien die bevestiging ook alleen in Hom wat die Christus is.

Die feit dat die graf leeg is en Christus lewe, Hy wat reeds oorwin het, moet vir die massas mense daarbuite vertel en geleer word. Vir hulle wat onderwysers moet oplei om weer vir ons jeug onderwysers daar te stel, Ons sing nie net beurtelings daarvoor nie, maar Christus in sy oorwinning mag 'n proklamasie wees. 'n Bevestiging waarmee u as rektor en viserektor nou ook hier mag handel en besluite mag neem. Mag beide van u waarlik daarin geseënd wees.

AMEN